

### Beskerming van persoonlike inligting

1. Ek/ons, die ouer/s of wettige voog/de van die leerder, gee hiermee toestemming dat:
  - a) die skool my/ons persoonlike inligting wat deur die skool ingesamel, verwerk en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir doeleindes van die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid; en
  - b) die skool die leerder se persoonlike inligting (insluitend akademiese, bywoning, gedrags-en ander skoolverwante rekords) wat deur die skool ingesamel, verwerk, gedeel en gestoor word ingevolge die relevante bepalings van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 (POPI) vir die doeleindes van registrasie van die leerder in die skool, die behoorlike funksionering en bestuur van die skool, soos voorgeskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996 en ander relevante nasionale en provinsiale onderwys wetgewing en beleid.
2. Ek/Ons verstaan dat my/ons kind nie as leerder van die Skool geregistreer kan word en/of dat my/ons kind nie 'n ingeskrewe leerder van die Skool kan bly sonder dat die Skool sekere van my/ons en my/ons kind se persoonlike inligting, soos deur die Skool versoek, prosesseer nie.
3. Ek/ons bevestig dat ek/ons ingelig is dat die bogenoemde persoonlike inligting in ooreenstemming met die skool se POPI-beleid hanteer sal word, welke beleid op die skool se webwerf beskikbaar is, alternatiewelik op versoek aan die skool beskikbaar gestel sal word. Ek bevestig dat ek bewus is daarvan dat my/ons regte met betrekking tot die beskerming van my/ons persoonlike inligting ook volledig in hierdie beleid vervat word.
4. Ek/ons bevestig hiermee dat ek/ons verstaan dat dit my/ons verantwoordelikheid is om die Skool in te lig sodra enige van die persoonlike inligting wat ek voorsien het verander en onderneem ek/ons om die Skool spoedig moontlik van sodanige opgedateerde inligting te voorsien.